God is seeing what you are made of. This is your chance to say, "God, I trust You even when I don't understand. I am going to keep being my best even when it's not fair. I am going to keep giving You praise when I could be complaining. I am going to keep moving forward when I feel like going backwards."

Don't accept the limits, labels and boxes people want to put you in. You are bigger than most peoples' containers.

Take time to feed on God's Word. Fears and depression will be replaced with God's life, and His divine health will begin to saturate your body as you build yourself up on His Word.

Proverbs 4:20-22 says, "My son, pay attention to what I say; turn your ear to my words. Do not let them out of your sight, keep them within your heart; for they are life to those who find them and health to one's whole body."

Don't blame God for what you bring upon yourself. Take ownership and move on. The enemy wants your joy so you won't have any strength. I pray that all weariness be cast off in the Name of Jesus Christ our Sovereign God.



BESKERM DEUR GEBED

Jude 1:20 - "But you, beloved, build yourselves up [founded] on your most holy faith [make progress, rise like an edifice higher and higher], praying in the Holy Spirit; Guard and keep yourselves in the love of God; expect and patiently wait for the mercy of our Lord Jesus Christ (the Messiah) [which will bring you] unto life eternal."

"Maar julle, geliefdes, moet julle self opbou in julle allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid, en julleself in die liefde van God bewaar, terwyl julle die barmhartigheid van onse Here Jesus Christus tot die ewige lewe verwag" (Judas 1:20-21).

Het gebed al 'n gewoonte by jou geword elke oggend wanneer jy opstaan, want daar is 'n getuienis

dat 'n boer elke oggend saam met al sy plaaswerkers die dag geopen het met gebed en sang.

Een betrokke dag moes een van sy vragmotors ingaan dorp toe en na die dank-opening het die trok vertrek en hul dagtaak het begin.

Na 'n ruk bring hul die berig dat die vragmotor in 'n ongeluk was, en haas die boer hom na die toneel om tot sy verbasing uit te vind dat die vragmotor 'n totale wrak is, maar die 3 insittendes slegs geringe beserings opgedoen het.

Op pad terug huis toe, sê een van die werkers vir hom hy weet hoe-kom hulle nie seergeskry het nie. Toe die boer in verwondering vra hoe-kom, antwoord hy: "Omrede ons vanoggend en elke oggend

tot God bid!" Ja, ek en u moet nie die krag van gebed onderskat nie! Gebed dra krag en daarom moet ek my elke oggend tot God wend en Hom dank vir die dag se veiligheid en Sy beskerming.

Daniel is sprekend van gebedsbeskerming. Hy was getrou en het drie maal 'n dag gebid. Daarom was daar vir hom beskerming selfs in die leeukuil.

Josef was getrou aan die Here en in Egipteland stel God hom aan om vir Sy volk te sorg tydens die sewe jaar droogte en hongersnood.

Simon Petrus se gebed aan die einde van sy lewe spreek van groot krag.

Dawid wat God altyd geraadpleeg

het voordat hy gaan oorlog voer, het geseëvier deur God se krag.

Dank die Here elke dag in gebed en eer Hom vir alles. "Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle" (1Thess. 5:18).

"Thank [God] in everything [no matter what the circumstances may be, be thankful and give thanks], for this is the will of God for you [who are] in Christ Jesus [the Revealer and Mediator of that will]." (1 Thess. 5:18). Amen.

Skakel gerus, ons is daar vir u: Henco en Wilma Schoeman Kroonstad Ligting Volle Evangelie Kerk van God. Lig en Sout in Sy diens 083 644 0014 en 083 461 1620.

The Word of God

There are more Bibles in print today than ever before, but a Bible on a shelf is worthless.

Millions of believers are plagued with spiritual anorexia, starving to death from spiritual mal-nutrition. To be a healthy disciple of Jesus, feeding on God's Word must be your first priority.

"People need more than bread for their life; they must feed on every word of God" (Matt: 4:4 NLT).

"God's gracious Word can make you

what He wants you to be and give you everything you could possibly need" (Acts 20:32, MSG).

The Spirit of God uses the Word of God to make us like the Son of God.

- Selected



TWO OF US

"You had better do as we want you to, or you'll get into trouble." The boy who spoke was the leader of a gang of rather rough-looking boys. The boy to whom he was speaking was smaller than those who surrounded him, and he stood pale and trembling before them. Through their leader the whole gang seemed to be demanding something of him.

"I can't do it," he said, his voice faltering a little as he spoke, but his lips were drawn firm, and his eyes steady and unwavering. "Why can't you? You'll have to, I'm telling you. We're going to make you do it - whether you want to or not. We're all against you. You're alone - and what's going to stop us from making you?"

The boy who was up against such overwhelming odds, was silent for a moment, and then he looked the other in the eye, and said: "I can't do it; it's wrong, it's mean! I won't do a mean thing. Besides... I am not so alone as you think I am, either. There are two of us, and the other One is more than a match for all that have come against Him."

"Two of you," sneered the other boy, "and where's your friend now? Why doesn't he show up? He's a great guy to leave you all alone! Much help you'll get from him! You're going to be all messed up before he comes!"

"No, I won't," answered the boy quietly, "because He is right here now. It's exactly like I told you. There ARE two of us - and the other one is GOD!"

The leader of the gang stepped back in amazement. He hadn't expected an answer like that! He looked for a moment into the determined face of the little fellow in front of him, and then, casting a sheepish glance at his companions around him, said: "Come on, guys. Let's forget him - it's no use messing with a guy like this." So they went away, leaving the younger boy triumphant.

The boy's brave answer rang in my ears as I went on my way, along with the rest of the gang. It has rung again, many and many a time, when I too have been tempted to yield on some principle, or compromise in some way with wrong, and was threatened if I did not. In my moments of weakness and yielding, I have stopped and said: "No... I may seem to be alone, and the odds ARE against me, but I must not forget that there are two of us, and the other one is GOD."

God and one man make a majority! God is always with the man who is bold enough to take his stand on the side of what is right. Remember! Say to yourself when you are tempted to give up a principle, or to compromise, or to do something wrong: "No, I won't! There ARE two of us!" - Selected

Pick n Pay Van der Hoffpark Potchefstroom

Inspired by you
 7 Days a Week!
 Monday - Sunday
 07:00 - 19:30
 Tel: 018 290 6131


Hendrik van Graan
Susana van Graan
 OPTOMETRISTS / OOGKLINDIGES
 PETER MOKABALAAN 3 (VAN RIEBEECKSTRAAT 3)
 Tel: (018) 294 7666 • Tel: (018) 294 7111
 B. Optom: F.O.A. (S.A.) • Praktyknr./Practice No. 7027060

AL IN DIE RONDTE - VEILIG IN DIE Hawe

Op die seereis van ons lewens sal ons nooit die beloning van die ryk handelsroetes van die skeepvaart kan bereik en ontgin as ons net al in die rondte bly vaar in die hawe nie.

"Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoe roeping van God in Christus Jesus" (Filippense 3:14).

"Want hoewel julle vanweé die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer, en julle het weer behoefté aan melk en nie aan vaste spys nie" (Hebreërs 5:12).

Die Bybel is baie duidelik dat om die Here aan te neem en 'n pad met Hom te stap, nie 'n eenmalige gebeurtenis is nie. Ek het Hom

aangeneem en nou gaan ek lekker hemel toe. Nee. Dit is 'n reis. 'n Proses. Jy moet iewers begin en jy moet geestelik groei op die pad van heiligmaking. Jy moet langs die pad dinge beleef wat jou gaan skaaf en vorm, sodat jy meer soos Jesus kan word. En om meer soos Jesus te word, beteken dat jy minder soos jouself sal moet word.

Hoeveel mense stap nie aan boord en maak dadelik die toue los wat hulle aan die kaai vashou nie. Hulle vaar dan vry en die reis het in alle erns begin - maar hulle vaar al in die rondte, net daar in die hawe waar die water lekker plat is, waar daar geen sterk wind is nie en waar die vuurtoring so lekker nabij is dat hulle nooit kan verdwaal nie. Soveel mense neem die Here aan, maar bly dan vir die res van hulle lewe net binne die veiligheid en geborgenheid van die gemeente of die Bybelstudiegroep.

Die Bybel verduidelik vir ons dat ons nooit die beloning van die ryk handelsroetes van die skeepvaart sal kan bereik en ontgin as ons net in die hawe bly nie. Ons sal verseker agter die hawemuur moet uitvaar en die groot golwe daar in die diepsee moet gaan trotseer.

Een of ander tyd sal ons vir Hom moet begin getuig. Die Bybel sê: Die Heilige Gees sal oor julle kom en julle sal My getuies wees. Jy moet begin praat oor wat die Here vir jou gedoen het. Jy sal vir die eerste keer in jou lewe in die openbaar moet bid. Jy sal vir die eerste keer in jou lewe moet uitreik na iemand en Jesus se hande en voete vir iemand moet wees.

Op hierdie reis gaan die Here van jou begin verwag om dissipels te maak. Ons reis nie na die hemelhawe toe op 'n passierskip nie. Ons vaar in 'n

vissersboot. Van almal aan boord word daar verwag om te help roei. En te help om die nette te trek. Selfs al ruik ons later na sweet en vis...

My rigtingwyser is om jou te vra om eerlik te antwoord: Hoeveel tyd en energie het jy al aan die Here se werk binne jou gemeente bestee? En in dié tyd, hoeveel mense, buite jou gemeente, het jy al na die Here toe gelei en hoeveel dissipels het jy al gemaak?

GEBED:

Here, gee my asseblief die moed om agter die veilige hawemuur uit te vaar, my veilige sirkelroete in die hawe op te gee, en die diep water van U Koninkryk te gaan aanpak!

[Rigtingwysers vir jou Lewenspad, Piet Smit, LUCA, LAPA Uitgewers, Penguin Random House, Suid-Afrika (Edms.) Bpk., 2022].

WANNEER DIE LIGTE DOODGAAN

Verdonkering is 'n ondervinding wat elkeen van ons op een of ander tyd van ons lewens deurmaak. En 'n gelukkige toestand om in te verkeer is dit bepaald nie.

Wanneer die ligte doodgaan, sak daar 'n gevoel van eensaamheid op jou toe wat soms ondraaglik is. Jy wil daarteen veg, maar jy is magteloos. Jy tas rond. Jy smag na die versekering dat jy tog nie alleen is nie, na 'n stem wat die stilte sal verbreek.

Ons is so bang vir eensaamheid. 'n Bejaarde ou moeder het die gewoonte gehad om gedurende die nag na haar dogter te roep: "Is jy daar, Miemie?"

"Ja, Moeder, ek is hier, ek sal nie weggaan nie!"

"Nee, dis alles reg, my kind. Ek wou maar net seker maak."

Dis na sekerheid wat ons soek wanneer die skaduwees oor die pad val. Ons wil aan iemand vashou. Nee, meer nog: ons wil wéét dat óns vasgehou word. Ons verlang na die volle sekerheid dat Jesus Christus by ons is, dat Hy saam met ons op die pad is, dat Hy in alles vir ons sal onderneem.

Maar is dit dan nie huis 'n waarheid waaraan die kind van God nooit kan twyfel nie? Het die Here dan nie hiervan aan ons 'n geskrewe en getekende waborg in Sy Woord gegee nie?

"As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere - hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur die vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie" (Jes. 43:2).

"Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met My reddende regterhand" (Jes. 41:10).

"Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie, Daarom kan ons met alle vrymoedigheid sê: Die Here is vir my 'n Helper, en ek sal nie vrees



nie" (Heb. 13:5,6).

En Hy het ook gesê: *"Ek is die Alfa en die Oméga, die eerste en die laaste" (Op. 1:8). Hy sal Sy kind nooit in die steek laat nie!*

Laat ons dit onthou wanneer die ligte van die lewe uitgaan.

[In Handdruk in die Herfs, DR. H.J. PIEK, NG KERK UITGEWERS]

*'n Gebet
vir Ma*



*Lieve Heer, dankie vir my ma,
Die vrou wat die minste kla.
As ons huil is sy daar,
As ons vrese het, laat sy ons bedaar.
Sy laat ons almal glimlag en hardop lag,
Soms is dit die hoogtepunt van ons dag!
Sy is ons juweel
en soms sukkel ons om haar te deel!
Lieve Heer, seën asb ons ma,
Want net U weet hoeveel sy moet verdra!
Amen.*

DIÉ WAT HOM SOEK, SAL HY BELOON

Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon (Heb. 11:6).

Min mense spring motorongelukke, gesondheids- en finansiële krisisse of vreesaanjaende situasies vry. Dan roep almal sonder uitsondering na God. Dit is 'n lewensfeit dat daar in lewensbedreigende situasies oor die lippe van selfs die onverskilligste mens noodkrete kom, soos: "O, Here, help!..."

Wanneer vloedwaters die motor meesleur, wanneer die hemele bo ons oopgeklief word en die weerlig op die huis slaan, "ken" elkeen van ons die God van hemel en aarde. Dan "ken" ons die Naam van Hom vir Wie ons daagliks verloën. Dan steek ons ons hande waarmee ons Jesus normaalweg van ons wegbeduie,

vreesbevange na Hom toe uit. Dan is gebed die natuurlikste ding op aarde. God beloof om ons gebede te verhoor. Maar gebed en gewaarborgde, konstante gebedsverhoring, die sekerheid dat ons gebede in liefde verhoor sal word, is ligjare verwyderd van hierdie instinktiewe, inherent menslike, noodkrete.

Elke gebed wat ons bid, kan verhoor word. Gebedsverhoring kan 'n *patroon*, 'n *absolute sekerheid*, en die sekerste saak van ons hele lewe word.

In Heb. 11:6 lees ons: "God beloont dié wat na Hom soek." En: "Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan."

Die gelowige wat glo dat God bestaan en wat steeds na Hom *bly* soek (wat God se wil wil ken, wat Sy opdragte wil

verstaan en uitvoer, wat meer en meer van Hom wil weet en wat aktief in Sy Woord delf om Hom beter te leer ken), word beloon. *Daardie gelowige se gebede word verhoor.*

Nee, God gee nie aan daardie gelowige alles wat die mens normaalweg begeer nie. Normaalweg begeer die mens gemak, gesondheid, 'n probleemlose bestaan, welvaart. As enige van hierdie dinge 'n groot begeerte in ons lewe is, leef ons eintlik nog 'normaalweg'.

As ons werklik na God soek, leef ons eintlik nie meer 'normaalweg' nie. Dan vra ons: "Wat is U wil, Here? Is dit reg vir U? Lei U my. Onderrig U my."

Dán word elkeen van hierdie gebede verhoor, so normaalweg soos wanneer 'n kind vir 'n

aardse ouer vra: "Sal Pappa my asseblief wys hoe om hierdie kitskaart te gebruik?"

God verhoor die gebede van hulle wat in 'n noue verhouding met Hom leef.

Hy verhoor hul gebede sonder uitsondering.

GEBED:

Here, ek wil nie langer instinktiewe noodkrete na U, die heilige God, opstuur nie. Ek wil U ken; ek wil 'n soeker na God wees: iemand wat U wil leer ken, U opdragte identifiseer, U Stem hoor.

Gee asseblief aan my die deursettingsvermoë om U gedissiplineerd en met hartstog te soek.

[Uit: Beloftes van Reën en Dou, Maretha Maartens, Aktuapers, 1996].

'N GEESTELIKE FIKSHEIDSTOETS

'n Gesonde aptyt vir 'n persoonlike verhouding met die Here en vir die lees van Sy Woord.

Daaglikse oefening "om altyd voor God en voor mense 'n skoon gewete te hê".

'n Rustige hart wat reëlmatic klop in ooreenstemming met die Hart van God. Dit skakel die hoë bloeddruk van geestelike trots asook die lae bloeddruk van neerslagtigheid uit.

'n Skoon tong sonder hardheid, bitterheid, 'n geskinder, veroordelende kritiek, lawwe praatjies of bedrog. Die woorde van so 'n tong is "soos 'n fontein met heerlike vars water" (Spr. 18:4).

Gesonde oë om dinge in die regte perspektief te sien, sodat ons probleme in werklikheid nie so groot is soos ons gedink het nie.

Goeie ore wat gereed is om God se woorde op te vang in 'n tyd van afvalligheid.

Hande met 'n goeie greep wat die ploeg vashou sonder om weer agtertoe te kyk; ook



hande wat soos dié van die Meester met teerheid mense kan optel wat geväl het en verwond is.

Gewillige voete wat in die paaie van die Here se gebooie sal beweeg en nie rondrentel op die paadjies van luiheid en uitstel nie, en nooit omdraai na die vleispotte van Egipte nie.

Knieë wat maklik buig om die gevegsposisie van volhardende gebed in te neem wanneer die vyand dreigend nader kom. Dit is ook knieë wat gebuig sal bly totdat mense na die Here toe kom en totdat Hy Sy seën gebied waar daar geestelike droogte is.

- Oorgeneem

God Gee Vrede...

Die lewe word dikwels teen 'n koorsagtige pas aangepak. Ons lewe in 'n wêreld wat persoonlike prestasies en sukses op elke gebied beklemtoon, van gesondheid en verhoudings tot besigheid en lewenstandaarde.

'n Vinnige blik na die rakke van boekwinkels sal jou probeer oortuig dat jy enigiets kan doen en enigiets kan wees wat jy wil, as jy maar net hard genoeg wil probeer. Sodoende strewe mense al hoe meer daarna om suksesvol te wees, maar ervaar nogtans nooit dat hulle wel suksesvol is nie. En hierdie strewe na persoonlike sukses vloe ook oor na ons geestelike lewe.

Die goeie nuus is dat ons as Christene ons kan losmaak van alle strewe en liever vir God vra om ons deur Christus met Sy vrede te vul en om orde te bring uit die ongeordende kolk waarin die moderne lewe ons dompel.

Ons kan berus in die voltooide werk van Christus op Golgota, in die wete dat ons nikus meer kan doen of hoef te doen om gered te word en om God se

liefde te geniet nie.

Ons weet dat ons Christelike lewenswandel een van voortdurende groei na volwassenheid is, maar selfs hierin het ons God se teenwoordigheid deur Sy Heilige Gees om ons te help en te lei, want Hy lei ons op die regte pad wanneer ons ons aan Hom oorgee. Daarom kan ons ons angstige strewe laat vaar en toelaat dat Sy vrede ons besorgde gemoed stilmaak.

Gebed kan ons help om vrede te midde van die chaos te vind, kalmte te midde van ons inspanning. Namate Hy orde in ons lewens bewerkstellig en vrede in ons harte bring, word ons lewens 'n getuienis van Sy vrede en skoonheid aan dié rondom ons wat steeds vasgevang is in die web van beangsde bedrywigheid wat die wêreld om hulle span.

Stort U dou van kalmte uit totdat al ons strewe staak; bevry ons siel van angs en nood en laat ons lewe verwoord hoe U vrede ons aanraak. (JG Whittier).
[Uit: Gebede en Oordenkings, Christian Art Gifts, 2003].

HY LEEF... HY HET OPGESTAAN!

DIE SLAG VAN WATERLOO het uitgeloop op 'n dawende oorwinning vir die Hertog van Wellington. Die vermetele klein Fransman wat Europa platgetrap het en blybaar alles kon regkry, was uiteindelik verslaan. Napoleon was op sy knieë. Dit was die grootste gebeurtenis in dekades.

Londen moes die goeie tyding kry! Maar in daardie dae, voor die komst van telekommunikasie, was die enigste manier om die berig deur te gee deur middel van fakkels. In spanning het die mense van Engeland die horison dopgehou vir die woorde wat oorwinning of nederlaag sou beteken. Wat hou die toekoms vir hulle in? Toe skielik is die spanning verbreek. Die tyding flits in letters van vuur: **Wellington verslaan...** Op daardie dramatiese oomblik dryf mistig-

heid tussen die opgewonde skare en die seine. Hul moed het gesink. Hoop het plek gemaak vir wanhoop. Kon dit waarwees? Londen het stil geword van teleurstelling. Maar dit het net 'n oomblik geduur. Die mis het verdwyn soos 'n gordyn wat oopgetrek word. 'n Oorverdowende triomfkreet het opgegaan van daardie skare wat 'n oomblik tevore moedeloos was. Nou kon hulle die volle boodskap lees: **WELLINGTON VERSLAAN NAPOLEON!**

Net meer as tweeduiseen jaar gelede het die newels van wanhoop 'n klein groepje gelowiges omhul waar hulle staan aan die voet van 'n houtkruis. Al hulle verwagting was van hulle Leier wat nou daar hang tussen hemel en aarde. Hulle het gehoop dat Hy Sy Koninkryk sou oprig en op die troon van Dawid sou sit. Dan sou die heerskappy van sonde



en smart beëindig wees. Die Koninkryk van God sou ingelui word! Maar dit het op teleurstelling uitgeloop. Toe hulle daardie Vrydagmiddag opkyk na die kruis en hul Meester wat daar hang, kon hulle net een troosteloze boodskap in die lug lees: **JESUS VERSLAAN...**

Nou is dit Sondagoggend. Hulle staan sprakeloos by die leë graf. Hulle hoor die stem van die hemelse boodskapper. **"Hy is nie**

hier nie... Hy het opgestaan." Skielik was die newels weg. Die boodskap het in hul siele weerklank. Dit vind ook nou weerklank in óns harte: **JESUS VERSLAAN SATAN! JESUS VERSLAAN DIE DOOD!**

"Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood" (Openbaring 1:18). En omdat Christus leef kan ons ook LEEF!

Die Prys en Krag van Ware Gebed

"Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins" (Fil.1:21).

Dit sal 19 Augustus 50 jaar wees sedert **SINICHI TOYODA**, een van die vurigste evangeliste en 'n radio-prediker van die Japansending, gesterf het. Hy het só 'n gebedslas vir ander gehad dat hy soms nagte in gebed deurgebring het.

Op Saterdagaand 18 Augustus 1973 het hy weer na 'n berg gegaan om die nag in gebed deur te bring. Die volgende nag is hy, ná 'n soektog, op sy aangesig gevind in gebedshouding, met sy oop Bybel en gebedskaarte. Hy het aan 'n hartaanval beswyk en was slegs 33 jaar oud.

Hy het heengegaan, maar sy brandende liefde vir Christus, sy ywer vir die redding van siele en vir herlewning, sy stralende persoonlikheid, sy

teer gewete en oopofferende lewe, bly steeds 'n besieling vir talle.

PRAYING HYDE, sendeling in Indië, het vir dae en nagte aaneen gebid. Hy het so 'n intense gebedslas gehad en 'n lewe van gebed beoefen dat sy gesondheid ingegee het en daar is bevind dat sy hart na die regterkant van sy bors geskuif het. Hy het teruggekeer na Amerika om te sterwe, maar in antwoord op sy gebede het God letterlik duisende siele in Indië gered, en die seën wat voortgevloei het deur die uitdaging van sy lewe, is onberekenbaar.

DAVID BRAINERD het letterlik uitgebrand in 'n lewe van self-opoffering en gebed. Alleen in die woeste wildernis van Amerika waar hy geworstel het met 'n dodelike krankheid, het hy dag en nag gebid. Hy het die gewoonte gehad om soms snags op die bevrore grond te lê, in 'n beervel toegedraai, en tot God te roep om die Rood Indiane te red. Hy was maar 'n jong man toe hy gesterf het, maar God het die onkundige, heidense, besope skepsels by die honderdtalle gered en hul lewens radikaal omskep tot die van rein Christene.

- Oorgeneem

The Path to Success

There are many definitions for success in today's culture. For some, success is defined by the number of accomplishments they have made, or the number of possessions they have attained.

Jesus's definition of success is counter-cultural. It has nothing to do with our accomplishments or our possessions - it has everything to do with our CHARACTER.

Jesus's teaching in Luke 16:10 is primarily about the content of our character. He says that those who are trusted with small things will be entrusted with larger things.

Those who are faithful with what they've been given will be given the opportunity to be faithful over more. And those who are dishonest, unfaithful, and untrustworthy, will lose what they have been given.

It's not ultimately important to Jesus whether we are financially successful in life. What's more important is what we do with what we've already been given.


Little acts of faithfulness every day is how our character is shaped over time. The small

decisions and the hard decisions are what create us into people of trust and honesty.

If you're asking God for more in life, make sure that you're being faithful with the things He has already given you. Use the resources and opportunities you have to build trust and honesty with other people.

God is looking to use people of CHARACTER rather than people of success. So pray for God to increase your character and to give you the opportunities to become a person who is faithful and honest in every area of life.

"One who is faithful in a very little is also faithful in much, and one who is dishonest in a very little is also dishonest in much" (Luke 16:10 ESV).
- YouVersion



My Love for You Is Great!

Receive even more of my love. Drink it into your innermost being! My love transforms you and changes your thinking, your prayers, and the essence of your life.

The depth of my love goes beyond natural understanding. It is more than you can imagine or perceive. It would take eternity to grasp the wonder of my love for you.

My love is not meant to be understood through doctrine or teaching. It is meant to be experienced in joy and sorrow. My heart is one with yours - when you endure pain, I endure it with you.

When you look into the sky and

see the vastness of My Universe, know that my love is greater still. The greatest expanse of time and space cannot contain the depths of my love for you.

All things were created as gifts for you. You are the pearl of great price, and I sold all that I had to purchase you.

You are the treasure hidden in the field, and I came into this world and found you. Never doubt my love or allow its fire to dim in your heart. I will stir up your heart so that you will know my great love for you and experience my endless delight in you!

- *I Hear His Whisper* written by Brian Simmons and Gretchen Rodriguez

(Reference: Song of Songs 2:16)

Finding Your Purpose

"For if you remain silent at this time, relief and deliverance for the Jews will arise from another place, but you and your father's family will perish. And who knows but that you have come to your royal position for such a time as this?" (Esther 4:14 NIV)

The story of Esther is a powerful testimony in Scripture. It tells about Esther who risked her life in order to save the people of God from danger. Esther faced the decision between what was easy and what was difficult, and she chose the more difficult way because it was the right thing to do.

Esther 4:14 points out that Esther's purpose in life was tied to a very specific moment. She was crafted and shaped by God in order to fulfil His purposes in her generation. She was placed in a unique situation by God.

While most of us might not be servants in the house of a king or

queen, we all have difficult decisions to make in life. Every day we are faced with situations that have easy answers, and some that are difficult. The story of Esther teaches us that God has gifted each of us for a specific purpose. Even though the journey isn't always easy, God promises to be with us as we follow the path He's called us to.

Additionally, Esther did not accomplish her purpose alone. She had the support of her community fasting and praying for her. Similarly, we cannot make it through life alone. We need the support of our community praying for us. And they need us in their lives as well.

Take some time today to think about your own story. How is it similar to Esther's? Consider the unique purpose that God has created you for. Pray to Him for strength to make the right decision in life, and to persevere in following where He leads.



Kom vier saam fees!

25ste

verjaarsdag van

Goeie Nuus
Good News



Heerlike Ontbyt!
Pragtige Musiek!
Slegs R100 p.p.

Sa. 20 Mei 2023 om 09:00

AGS Baillie Park, Wynnestr. 18, Potch

Kaartjies beskikbaar by:
Cathrine 079 842 2588

AGS BAILLIE PARK



Dienste @ 09:30 elke Sondag

PREDIKER: PAST. JOHAN NORTJE
083 280 8971
SONDAE OM 09:30
WYNNESTRAAT 18 POTCHEFSTROOM

Pastoor Johan Nortje 083 280 8971

B&B  *Uit die Hand*

KLERKSDORP

BETER PRYSE VIR HOSPITAALBESOEKERS

Skakel "Alte-Welkom"
082 492 2299
018 468 1921
altewelkom@telkomsa.net
www.altewelkom.com

**v
a
n
d
e
H
E
E
R**